### *Die vraag van Simon van Kana oor die ontstaan van tweedrag deur die nuwe leer*

**138** (**vervolg**) [18] (**JaHshua** spreek) As julle Majesteit en Meester Homself egter nie bedien van buitengewone magsmiddele om die mense Sy leer op te lê nie, waarom sal Sy leerlinge en knegte dit dan wil? Maar as die wêreldse mense My, die Meester en Huisvader van ewigheid, al "Beëlsebub" genoem het, **hoeveel te meer sal hulle julle, My huisgenote, so noem!** *(Matthéüs. 10:25)*

[19] Daarom moet julle ook nie bang wees vir hulle nie, want julle ken hulle. Dink julle dan dat Ek nie weet wat mense julle gaan aandoen nie? Ek sê vir julle: Daar is niks so verborge dat dit nie vir My sigbaar is nie en daar is ook niks so geheim dat Ek dit nie sou weet nie. *(Matthéüs. 10:26)*

[20] Omdat dit My dus nie verborge kan bly wat mense van julle eis of wat mense julle sal aandoen nie, kan julle ook altyd My hulp verwag! **Die leeuin verlaat immers nie haar welpies nie,** en in tye van gevaar plaas sy haar lewe op die spel vir elke welpie wat mense van haar wil wegneem. Dan sal tog ook Ek julle in tye van gevaar met My lewe beskerm.

[21] Moet dus nie beangs wees vir wêreldse mense nie! Wat Ek julle in die nag leer, sê dit vir hulle oordag; en wat Ek die een of die ander van julle heimlik in die oor van sy hart sê, verkondig dit nou van die dakke af *(Matthéüs. 10:27)* en vrees diegene dus nie wat soos `n verskeurende dier die liggaam van `n mens wel kan dood, maar wat die siel, wat die enigste is wat leef en lewe het, nie kan doodmaak nie en wat nie in staat is om die siel watter skade dan ookal te berokken nie.

[22] Maar as jy dan vir iets bang is, vrees dan eerder Hom wat ook Meester oor julle siele is en wat haar kan veroordeel tot die hel wanneer Hy wil! *(Matthéüs. 10:28)* **En julle ken Hom al, want dit is Hy wat dit nou aan julle sê!**

[23] Kyk eers na daardie skuurtjie waarvan die dak nog op is. Kyk nou watter plesierigheid die mossies daarop het; nou vlieg hulle daar op, en dan weer lyk dit asof hulle gewoon van die dak afval! Op die mark koop jy twee vir `n penning; hoe weinig is hulle werd! En tog val daar ook nie één van die dak af sonder dat die Vader in die hemele dit wil nie! *(Matthéüs. 10:29)*

[24] Maar Ek sê vir julle: julle hare is getel *(Matthéüs. 10:30)* en julle verloor daarvan nie één nie sonder dat die Vader dit weet en dit wil nie! As die Vader nou só sorg vir dinge wat julle totaal onbelangrik vind, sal Hy dan nie vir julle sorg wat Sy Woord en Sy Barmhartigheid verkondig nie?

[25] Julle vrees is daarom ongegrond **en julle moet nooit bang wees nie;** want julle is tog beter as baie mossies. *(Matthéüs. 10:31)*

[26] Gaan daarom sonder verdere vrees op pad en bely My voor die mense! Waarlik, wie My bely voor die mense, vir hom sal ook Ek bely voor die Vader in die hemele! *(Matthéüs. 10:32)* Maar diegene onder julle wat My uit onnodige angs sal verloën voor die mense, hulle sal Ek ook eendag voor die Vader in die hemele verloën." *(Matthéüs. 10:33)*

[27] **Judas** neem weer die woord en sê: "Dit is alles heel wys en mooi gesê, en dit is in daardie vorm ook beslis waar; maar wat help dit almal? Die leer is buitengewoon edel, suiwer en waar - dit staan soos `n paal bo water - en ook U dade toon ten minste aan ons terwyl ons hier saam is meer as genoeg-saam wie in die grond van die saak die Een is wat dit uitvoer. Maar by die gegewe gedragsreëls sal die leer en haar uitvoering beswaarlik ooit algemeen op-en aangeneem word. Omdat dit eintlik onvrede veroorsaak in elke huis wat haar aanneem, sal dit óf baie streng deur die staat vervolg, óf algeheel verbied word, en dan het ons nêrens gekom nie. Wat dan? As ons dan as aardse verkondigers van U leer en dade sekerlik maar al te gou onder klippe, of onder die swaard, in die vuur, of miskien aan die folterpaal of in die leeukuil opgehou het om te bestaan, wie sal dan ons plekke inneem en ons werk doen?"

### *Belangrike raad vir lewe en gedrag. `n Heerlike belofte aan die wat in die liefde getrou is*

**139** Ek sê: "**Ek het jou al gesê dat jy altyd praat volgens jou wêreldse verstand**. Om die wêreld 'vrede' te gee beteken dat jy haar nog meer dood gee as wat sy nou tog al in oorvloed het.

[2] Word `n blinde weer siende as jy hom die oë uitruk, of sal `n lamme ooit weer kan loop as jy sy slegte been afkap, of sal die stomme ooit kan begin praat as jy sy tong laat uitsny, of kan die pes deur nog meer pes genees en `n brandende huis met nog meer vuur gedoof word?

[3] Kyk, presies so gaan dit met die wêreldmense nou in hierdie tyd! Geestelik is hulle dood, en **buiten die dierlike, natuurlike lewe** het hulle geen lewe in hulle nie. Hulle siele is pure vlees en hulle gees is so goed as dood en lyk soos die geeste wat in die gesteentes rus en deur hulle opgelegde gerigte vashoudendheid die anders losse materie saam-gebind hou, sodat daaruit klippe van allerlei soorte en vorms ontstaan; sagtes en hardes, sommige deursigtig en andere ondeursigtig en van verskil-

lende kleure, afhanklik van die aard van die gees wat hom daarin bevind.

[4] As jy egter die geeste in die klippe los wil maak uit hulle materie, sal dit jou dan met lou water geluk? Sekerlik nie! Ek sê vir jou: die klip sal onder so `n sagte en vreedsame behandeling net so hard bly as wat dit was en is. Daarvoor is `n magtige vuur nodig om by die geeste in die klip `n groot geveg te veroorsaak; dan verbreek dit gou self die boeie van hul materie en word vry. En kyk, so moet dit hier nou ook gaan!

[5] Wat die geeste in die klip vrymaak, soos vuur, **stryd, groot druk en sware, harde slae,** dit wek ook die geeste in die menseharte wat verander is in harde klip en stel dit vry, veral die harte van die grotes en rykes wat harte van diamant het, wat deur geen aardse vuur saggemaak kan word nie.

[6] Onthou dus wat Ek vir julle sê: Laat die belaglike, domme waan vaar dat Ek sou gekom het om deur julle, My leerlinge en My knegte, aan die wêreldse mense die vrede op aarde te bring; **Ek bring die swaard!** *(Matthéüs. 10:34)*

[7] Verstaan dit goed! Ek het gekom om die nog min of meer sagte seun in beweging te bring teenoor die dikwels al te onbuigsame hardheid van sy vader, en die beskeie dogter teenoor haar heerssugtige moeder, en die sagte skoondogter teenoor haar gierige en afgunstige skoonmoeder! *(Matthéüs. 10:35)* Ja, die eie huisgenote moet die ergste vyande van die mens wees! *(Matthéüs. 10:36)*

[8] **Waarlik, waarlik Ek sê vir julle: wie sy vader en moeder meer liefhet as vir My, is My nie werd nie; en wie seuns en dogters het en hulle meer liefhet as vir My, is My nie werd nie!** *(Matthéüs. 10:37)* Wie sy las, ook al druk dit so swaar op hom soos die doodskruis van die Romeine, nie gewillig op sy skouers neem en My volg nie, is My heeltemal nie werd nie en hy sal geen deel hê aan die Ryk van Elohim nie. *(Matthéüs. 10:38)*

[9] Waarlik, Ek sê vir julle: elkeen wat die lewe van hierdie wêreld soek en dit ook gemaklik vind, sal die Ewige Lewe verloor en Ek sal hom nie op die laaste dag, terstond na die aflegging van sy liggaam, opwek nie, maar hom in die hel werp vir `n ewige dood.

[10] Wie egter die "wêreldse lewe” nie alleen nie soek nie, maar dit ook uit ware, suiwere liefde vir My **ontvlug en verag**, dié sal die Ewige Lewe vind *(Matthéüs. 10:39);* want dadelik na die dood van sy liggaam sal Ek hom opwek, sodat dit vir hom die eerste dag van die nuwe lewe in die wêreld van die geeste is en Ek sal hom inbring in My ewige Ryk en sy hoof tooi met die kroon van die ewige, onverganklike wysheid en liefde, en Hy sal dan saam met My en al die engele van die ewige, eindelose hemele ewig heers oor al die wêrelde, die sigbare asook dié van die geeste.